

# sig

nuusbriëf

Durbanville  
Gemeente

saam in diens van God se nuwe wêreld

**Freek en Santa Serfontein**

Ons is dol oor die kersliggies, kerse en kersversierings wat so kenmerkend van Kersfees is. Dis mos asof tot die lug in die tyd, vol van die "gees" van Kersfees is. Maar meer as enigiets anders in die feestyd, dink ons aan "ons grootste Kersgeskenk," (lied 358:3) Jesus Christus. Ons is elke Kersfees van voor af dankbaar teenoor die Vader wat Christus vir ons aarde toe laat kom het. Ons is net so bly dat daar nog so baie mense is wat oor Kersfees ook so voel.

## KERSBOODSKAPPE

**André en Matilda van Wyk**

Kersfees is vir ons famelietyd. Dis tyd vir stories opvang en verre verhoudinge koester. Dis tyd vir moeite maak met mekaar soos God in Christus met ons moeite gemaak het. Mag elkeen van u in hierdie feestyd die nabyheid van familie en vriende ervaar, maar nog meer die nabyheid van die Jesuskind.

**Rian en Maria Verster**

Liewe vriende, dit is vir ons lekker om vir julle in die Kerstyd die Here se liefde toe te bid!

Die Here verseker ons in sy Seun dat Hy ons nie aan onself oorlaat nie. Hy sal altyd aanhou om ons te soek en ons te probeer nader trek na Hom toe, ten spyte van wie ons is of wat ons doen, Ps.139.

Laat ons dit met vreugde onthou, ook as dit voel of Hy vêr is!  
Ons wens julle 'n gelukkige Kerstyd, naby Hom!

**Gys en Thea van Schoor**

Dat God mens kom word het, in die diepste gebrokenheid van ons menswees kom leef het – om ons te bevry en aan te neem as sy kinders, vervul 'n mens met verwondering. Daarom bid ek vir jou en vir my: Mag ons hierdie Kersfees opnuut, saam met al die gelowiges, die onvoorwaardelike liefde van God in Christus leer ken. En mag ons hele lewe vervul word met die liefde van Jesus. En mag ons hierdie liefde elke dag uitleef!

**Tinus en Gerda van Zyl**

Met ons eie eersteling wat oppad is, tref die wonder van Kersfees vir ons meer as ooit vantevore. Die wonder dat God nuwe lewe skep, asook dat God vir ons as versorgers aanstel van hierdie brose mense. Dit is 'n vreugde en 'n voorreg, maar ook 'n oorweldigende gedagte. Daarom is ons dankbaar dat God hierdie geskenk van nuwe lewe nie net aan ons oorhandig en ons dan daarmee alleen los nie, maar dat God by ons gaan bly met elke tree. Christus is immers Immanuel: God met ons!

# Uit die Woord

## Jesaja 41:17-20 - Ds André van Wyk



My onlangse besoek aan Petrus en Lisle in Sentraal-Asië was regtig 'n 'interessante' belewenis. Die Islamitiese land waar hulle tans woon is na 30 jaar van oorlog en binnegevegte tussen verskillende bevolkingsgroepe regtig stukkend. Die mense is arm en enige hoop op 'n beter toekoms is maar skraal.

Tog het een ding my opgeval: hulle is soekend. Islam beantwoord nie meer hul vrae nie en bevredig nie hul soeke na ('n ware) God nie. Mense is honger na innerlike vrede en geluk. Ek was bevoorreg om in gesprek met Moslems daar self te kon beleef hoe

hulle elke woord wat ek vertel oor die God van die Bybel letterlik 'indrink' en net meer en meer wil weet.

Die Here het uit Jesaja 41 met my gepraat en ook hierdie belofte vir my gegee. God wil ook vir daardie mense die lewende water gee! Juis daar in die dorre woestyn waar hulle woon: fisies en geestelik. Dit is Sy wil dat hulle Hom moet ken en self weet en verstaan dat Hy Here is, ook van hul lewens. En Hy is die een wat dit gaan doen (v.17). Juis daarom weet ek dat die Here 'n spesiale pad ook met ons as gemeente stap om betrokke te wees in sy werk in daardie land. Dat Petrus en Lisle daar woon en werk is bepaald God se wil. Is ons nie bevoorreg om so deel van God se plan te wees nie!

Die NIV vertaling van v.20 lees: "so that people may see and know, may consider and understand, that the hand of the Lord has done this ..."

Mag die Here se genade, liefde, vrede en trou hierdie land oorstroom en die bewoners oortuig dat daar net een ware God is. Dit het Hy belowe: God is getrou!

# Uit die Wêreld

## The lives of others - Ds Tinus van Zyl



Die Duitse film, *Das Leben der Anderen*, handel oor kaptein Wiesler van die Oos-Duitse Geheime Polisie, wat midde in die 1980's in Oos-Berlyn, op mense spioeneer wat vermoedelik krities teenoor die Sosiaalistiese Republiek is. Wiesler se vaste geloof in

die totalitêre staat begin egter wankel wanneer hy dag en nag die lewe observeer van die flambojante draaiboekskrywer, Georg Dreyman. Aanvanklik verag die kaptein die draaiboekskrywer as die mees hoogmoedige soort mens. Maar stelselmatig, soos wat die koue, gryse mensloosheid van die kaptein se lewe gekontrasteer word met die warm, kleurvolle menslikheid van die draaiboekskrywer, word die kaptein se voorveronderstellings deurbreek. Dat die kaptein 'n sisteem in stand hou wat hom van sy eie menslikheid beroof, word onrusbarend duidelik vir hom.

Wat hierdie film uitstekend illustreer, is hoe mense se wantroue van mekaar hulle eie menslikheid vernietig. Apartheid het nie net swart mense se menslikheid vernietig nie, maar ook wit mense s'n, omdat dit jou jou medemens laat wantrou en vrees het. Wanneer jy nie meer jou medemens as 'n mens met 'n lewe beskou nie, maar as 'n objek wat gevrees en wantrou moet word, verloor jy in die proses jou eie menslikheid.

Hierdie verskynsel het ek eerstehands aanskou by die afgelope Wes- en Suid-Kaap Sinode. Menigte, *menigte*, ooms en tannies het getuig hoe dat hulle voorheen vir Alan Boesak met 'n uiterste haat gehaat het, omdat hulle hom nie as 'n medemens beskou het nie, maar as 'n simbool van politieke agendas en bedrog. Toe hulle egter met hulle eie oë sien en met hulle eie ore hoor hoe dat Alan ietsie van sy eie verhaal vertel, het hulle hom vir die heel eerste keer begin sien as 'n mens, 'n mens met baie foute, maar nietemin 'n medemens.



Mag ons in die Kersfeestyd, die tyd wat ons daaraan herinner dat God mens geword het, dat Jesus ons medemens geword het, ander mense nie as objekte beskou wat ons lewe bedreig nie, maar as medemens wat hierdie gebroke lewe saam met ons leef.

## VAKANSIETYD OP HANDE!

Het u iemand nodig om  
na u huis/tuin/diere om te sien?

Kontak : Zané Pretorius  
Sel no. 082 779 3356

# Wes- en Suid-Kaap Sinode

## 'N GETUIENIS! - Ds Freek Serfontein

Wat sê 'n mens van 'n vergadering wat so 'n verrykende ervaring was? Wat vertel jy en wat laat jy weg?

Vir my is die vergadering gekenmerk deur die feit dat ek deurgaans bewus was van die teenwoordigheid van die lewende God. Ons het soggens met 'n spiritualiteitsessie begin, waarvan die gees en atmosfeer 'n mens dwarsdeur die dag bygebly het. Die sang was aangrypend en inspirerend. Die buig voor die Woord en die gebede rondom die tafels was innig en besielend. Die deurlopende tema vir die hele week het uit 2 Korintiërs 4 gekom: "Ons wat hierdie skat (van die evangelie) in ons het, ons is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie." Stukke van gebreekte erdepotte het op elke tafel gelê, om ons deurentyd aan ons gebrokenheid voor God te herinner.

Tydens die gesprek oor kerkeenheid het daar 'n besondere "Godsmoment" voor ons oë aangebreek. Coenie Burger, gewese moderator van die vorige algemene sinode en Alan Boesak, moderator van die VGK, Kaapland, word deur die sinode gevra om te vertel wat verlede jaar by die Esselenpark-beraad gebeur het. Die sinode het sy agenda vir 'n oomblik opsy geskuif en in gespanne stilte geluister na Coenie en Alan se getuienisse.

By die Esselenpark-beraad wou die eenheids gesprekke tussen die moderature van die vier kerke nie lekker vlot nie. Tydens sy spreekbeurt lei die Here toe vir Coenie om af te wyk van sy toespraak en nóg 'n keer vir die VGK verskoning te vra vir die pyn wat die vorige bedeling vir soveel mense gebring het. Dit gryp vir Alan Boesak aan die hart en sonder dat dit sy beurt is om te praat, kom hy op die been. Alan vertel hoe dat die Gees van God hom laat hoor het wat hy tevore nie wou hoor nie, hom gebring het by die punt waar hy vroeër nog nie wou wees nie, hom laat sê het wat hy tot nog toe nie wou sê nie.

Alan neem die verskoning aan, maar gaan ook verder. Hy vra verskoning vir sy eie aandeel aan van die hindernisse wat nog uit die weg geruim moes word. "Ek het ook in die verlede dinge gedoen wat dit vir julle moeilik gemaak het om onbevange met ons in gesprek te tree", laat hy dié keer hoor. Dit, het albei sprekers getuig, was 'n keerpunt in die verdere gesprekke. Die Here het die gees van die gesprekke by Esselenpark en ook later by Achterberg daarvandaan verander.

By die sinode het ons, na hierdie getuienisse van Coenie en Alan, iets daarvan beleef. Die Here het dit deur die twee getuienisse bewerkstellig. 'n Mens vergader net anders, as jy onder die besef verkeer dat God met sy kerk op pad is.

Later die dag is die besluit van die Wes- en Suid-Kaap sinode van 1857, om aparte nagmale vir bruin en wit lidmate toe te laat, herroep. 150 jaar gelede het ons voorvaders geweet dat aparte nagmale teen die Woord van God gaan, maar dit tog toegelaat, "ter wille van die swakheid van sommige." Sonder dat dit enigsins hul bedoeling was, het hierdie besluit gelei tot oneindige baie pyn en skade in die kerk, en uiteindelik gelei tot die ontstaan van afsonderlike kerke. Dit was 'n simboliese daad om 150 jaar later hierdie besluit net weereens ondubbelsinnig te verwerp as 'n tragiese fout, in die hoop dat dit die pad vorentoe makliker sal maak.

Ek het van Goudini af weggery terdeë bewus van die groot taak wat daar op die kerk wag. Ons leef in uitdagende tye. En dis nou wat God ons roep, om in die voetspore van Jesus God se koninkryk, God se nuwe wêreld te laat kom. Ons is maar kleipotte wat maklik breek. Gelukkig weet ons dat God in ons en by ons is om ons te help. Die krag kom van Hom! God se goeie nuus moet uit!



## Adverteer in SIG

Die kostes vir advertensies is as volg:

Vol blad	R1500-00
Halwe blad	R750
Kwart blad	R375
1/8 blad	R188

Kontak die kerkkantoor by 021 975 6370.  
(Die redaksie behou hom die reg voor om advertensies, wat nie pas by die aard van die SIG nie, nie te plaas nie.)

## Redaksie van die SIG

Redakteur:  
Ds Tinus van Zyl

Redaksielede:  
Ds Rian Verster  
Jackie Pretorius

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG, of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.

## GREG'S CRAFT & COFFEE SHOP

### We offer:

- Craft products at REALLY LOW PRICES • Coffee Shop
- Breakfast, lunch and supper

**Function Venue: 21st Parties / Birthdays / children's parties**

**Please contact Greg for bookings at 021-948 7791**

**90 Barnard Street, Bellville**



# Dissipelskap - Ds Gys van Schoor

Ons gemeente is geroep om 'n gestuurde gemeente te wees wat in diens staan van God se koninkryk. Op hierdie reis is die Bybelse vorming van dissipels van Jesus van groot belang. Daarom het ons die afgelope jaar met so 'n intensionele vormingsproses begin. (Dissipels word uiteraard ook buite hierdie proses gevorm – in eredienste, kleingroepe, dienswerk, ens)

Ons het vanjaar op 2 modules gefokus:

**Module 1:** Herontdekking van Christenwees. In hierdie module het ons geleer om weer eerstehands met God te lewe, vanuit 'n verhouding met Hom. Ons het 6 maande hierby stilgestaan en weer gaan kyk wat Jesus ons leer oor die kern van Christenwees.

**Module 2:** Nuwe ID en Vryheid in Christus. In hierdie module het Dr Louis Kroon 'n baie belangrike bydrae gemaak om ons te help om te verstaan hoe ons denke van kardinale belang is in die uitleef van ons nuwe ID en vryheid in Christus (Rom 12:2). Ons het ook stilgestaan by Peter Scazzero se boekie: Emosioneel gesonde spiritualiteit.

Ons beoog om volgende jaar met 'n nuwe groep te begin. Die huidige groep sal heelwaarskynlik vir nog 6 maande met verdere modules besig wees soos: Waartoe roep God my? Geestelike

dissiplines en Christelike praktyke, Die vernouing van my hart (Dallas Willard).

## Hier volg getuienisse van mense wat die reis meemaak.

Maandagaande was 'n aand waarna ek uitgesien het. Dit was 'n ontmoeting met die Here op reis – my doel was om vas te stel waar die Here my op die ouderdom van 73jaar in hierdie gemeente wil gebruik. Ek het baie meer as dit ontvang. Ek het goeie vriende gemaak. Dit het my gehelp om diep in my lewe te grawe en Hy is nog besig met my.

Nuwe vriendskappe in Christus is gevorm en ons het die beginsels van Christenwees herontdek. Ek het ongelooflik baie geleer!

Dit het weer vir my kom wys hoe dit is om 'n 1ste handse lewende verhouding met Jesus te hê. My transformasieproses is 'n hupstoot gegee. Dit het my 'n luisterende hart kom gee. Ek het geleer dat ek alleen van Hom afhanklik is.

Ek het my kom oopmaak vir God se stem in my lewe, om te leer, te groei en te glo - ek het verander.

Ek het tot rus gekom en die Here ontmoet. Ons het na mekaar geluister/ gedeel/ gevorm/ geleer bymekaar/ raad gegee/ ervaar.

'n Bevoorregte geleentheid om met mede-stryders die pad aan te vat, self ondersoek, duidelikheid gekry.

Hy het my vriende in Hom gegee - vriende met wie ek kan praat oor Hom as ek twyfel of dalk vashaak.

Ek het gegroei in Bybellees en hoe ek optree teenoor ander.

Elke Maandagaand was 'n leer- en groeiproses.

Geleer om 'n persoonlike verhouding met God te hê, sy stem te hoor en tyd te maak vir Hom.

**vervolg op bladsy 7**

# 10de Maand Insameling

- Ds Freek Serfontein

*'Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.'*

2 Kor 9:7

**November** is die maand van ons jaarlikse **Tiendemaandinsameling**. Dit is die maand van die jaar waarin ons lidmate versoek om biddend voor die Here 'n tiende van hulle inkomste vir die werk van die Here beskikbaar te stel.

Die gebruik kom uit die dae toe daar nog baie boere deel van ons gemeente was. Die tiendemaand was die geleentheid om hulle jaarlikse offer vir die gemeente te gee. Vandag is daar van ons lidmate wat deur gereelde maandelikse offers sorg dat die

werk van die Here gedoen kan word. Daarvoor is ons opreg dankbaar. Tog kan ons nie sonder hierdie spesiale poging waarin ons vir alle lidmate die geleentheid bied om met iets spesiaals vorendag te kom nie. Ons doen selfs 'n beroep op die lidmate wat deur debietorders sorg dat ons elke maand hulle offer ontvang, om deel van hierdie spesiale poging te word.

Die wykswerker of herderleier sal u besoek met die oog op u tiendemaandoffer. Buitewyk lidmate sal die brief deur die pos ontvang. Dalk word u nie deur 'n wykswerker besoek nie, omdat daar nie een in u wyk is nie. Dalk kry u net die brief in u posbus. Sal u nie nogtans u offer vir ons laat kry nie? U kan dit na die erediens bring. U kan dit ook direk by die kerkkantoor inbetaal of natuurlik elektronies aan die kerk oorbetal by:

ABSA Durbanville, Tjekrek No. 1410580019

Verw : 10de met wyk no. bv. 501

E-pos / Faks asb bewys na kerkkantoor

**vervolg op bladsy 5**

# 10de Maand Insameling - vervolg

Ons gee weer soos in die verlede vir u 'n lys waarvoor die tiendemaandoffer gebruik gaan word. Hieruit kan u agterkom dat ons gemeente nie net fondse vir ons eie behoeftes nodig het nie. Buiten projekte waarby onself betrokke geraak het, is ons ook saam met ander gemeentes by rings- en sinodale projekte betrokke. Al die dinge, glo ons, is sake wat die Here op ons pad gebring het. Ons dra daar toe by om iets van God se liefde vir die wêreld, waarin ons vandag woon, te demonstreer. Dis deel van ons poging om wat op ons borde staan (saam in diens van God se nuwe wêreld) prakties waar te maak.

Baie dankie vir u ondersteuning. Mag die feestyd wat vinnig nader kom vir u 'n aangename en geseënde tyd wees. Mag daar genoeg tyd saam met die mense wat u graag naby aan u wil hê, wees. En mag die liefde van God, wat Hy so prakties in Jesus kom demonstreer het, neerslag in elkeen van ons wat in Hom glo, se lewens vind. Mag Kersfees 2007 vir u tot seën wees en die Nuwejaar een waarin ons elke dag onthou dat die Here op dietroon is!

## TOEDELING VAN 10DE MAAND OFFERS

Sinodale aandeel 2007/2008	417,600
Karl Bremer (Bydrae tot Suster Nene se salaris)	44,357
Morningstar /Scottsdene (Bydrae tot salaris aan die Ring)	56,643
Kraaifonteingemeentes (Bydrae tot salaris aan die Ring)	19,610
Sokhanya Bybelskool	20,000
Masibambane Ring (Bydrae aan die Ring)	9,307
Jeug	231,253
Bejaardesorg	4,500
Vrouesake Sinodaal	15,750
Gemeente ontwikkeling Ring	10,600
Uitreikaksie Sendelinge - Petrus & Lisle	130,000
Richard Black Fonds	10,000
Omgeediens	90,312
Huis Aristeia	12,000
<b>TOTAAL : UITGAWES</b>	<b>R1 071 932</b>
MIN : Tekort om bogenoemde begrote Getuienis uitgawes te dek	171,932
<b>10DE MAAND MIKPUNT</b>	<b>R900 000</b>

# Onklaar orrel oorreed Rudi ...

- Ds Freek Serfontein

Twee koorlede het besluit om 'n sirkelroete van 630 km ten bate van die orrelrestourasiefonds aan te durf. Rudi was op sy fiets en Susan agter hulle motor se stuur om hom van die nodige morele en logistieke steun te voorsien. Op 28 September vertrek hulle van die kerk. 'n Groepie koorlede is daar om hulle te ondersteun. Vir die eerste 25 kilometer trap Sandra Jordaan en Stephan Ackermann saam. Gelukkig is die wind saam met hulle. Tot die twee wat moet terugkom, omdraai... Op Gordonsbaai kry Rudi sy eerste, maar gelukkig ook sy enigste papwiel. Daarvandaan na Kleinmond loop alles weer mooi en die eerste nag slaap hulle op Hermanus oor.

Die Saterdag wag daar 'n verrassing. Nog 'n koorlid, Louis van Niekerk en 'n werkskollega, Melanie, het besluit om die stuk pad na Worcester saam te ry. Melanie gee ondersteuning uit die motor en Louis trap saam. Alles loop mooi deur Botrivier. Voor Villiersdorp is daar 'n paar stywe bulte. Melanie praat hulle moed in, die manne byt vas en vroegmiddag ry hulle Worcester binne. Gelukkig is dit môre Sondag. Dan, so het Rudi beplan, sit hy nie sy voete op 'n fietspedaal nie.

Maandagoggend vat hy en Susan weer die pad. Dis 'n mooi stuk pad. Hulle ry deur Bonnievale en Robertson. Rudi konsentreer op die lentebloeisels in die vrugtebome, die wingerde wat begin bot en

uitloop. Vandag is die wind van voor en dit knor. Gelukkig swaai die pad later in 'n ander rigting op pad na Stormsvlei. Nou is die wind nie meer soveel van 'n faktor nie. Die laaste 25km op die N2 is die wind glad van agter en dis 'n dankbare Rudi wat Riviersonderend binnery.



Probleme met huisvesting maak dat Susan hom en sy fiets oplaai sodat hulle weer op Hermanus kan oornag. Die volgende dag ry hy Stanford deur tot op Gansbaai en keer weer na Hermanus terug. Woensdag reën dit. Dis ook hulle troudag en die twee bring die dag rustig deur. Donderdag is die weer beter en Rudi pak die laaste been van die rit aan. Hy kry waarlik weer die wind van agter en wanneer hy net na 15:00 by die kerk aankom, is daar weer 'n paar juigende koorlede wat hulle verwelkom.

Rudi het sy fiets vir 631 km getrap en oor die R29 000 vir die orrel "losgerig". Ons is die Here dankbaar vir Rudi en Susan se inisiatief. Ook dankbaar vir almal wat vir hulle gebid het en deur SMS'e met hulle gekommunikeer het. Ons is veral dankbaar teenoor die Here wat hulle bewaar het (groot vragmotors is blykbaar 'n paar keer rakelings by hom verby). En natuurlik is ons dankbaar vir elke rand wat sover bygedra is vir al die werk wat aan die orrel gedoen word. In die nuwejaar sal ons weer die voorreg hê om saam met die "nuwe" orrel die Here te loof. En sien ons nie daarna uit om lekker te sing nie!

# Twintig20visie - 'n ruimte vir jong werkes, studente en tieners - Ds Tinus van Zyl



In samespreking met die Kerkraad en die gemeente is daar in die derde kwartaal van hierdie jaar besluit om die huidige struktuur van die Tienerbybelskool aan te pas, om sekere leemtes in ons Jeugbediening te probeer ondervang. In die lig van hierdie besluit, is daar in die vierde kwartaal 'n proefneming geloods, met die naam Twintig20visie.

Die naam Twintig20visie kom van die begrip wat oogkundiges gebruik as hulle verwys na volmaakte sig, maar dit het ook meer betekenis. Dit verwys daarna dat gelowiges meer kan raaksien as wat ongelowiges sien, omdat ons nie net die empiriese getuieis rondom ons raaksien nie, maar met die oë van geloof na die lewe kyk. Verder verwys dit ook daarna dat gelowiges 'n visie vir die toekoms het, vir die jaar 2020. Ons sluit ons nie aan by die doemprefete nie, want ons glo in God se toekoms, in die koms van God se koninkryk, in God se nuwe wêreld.

Twintig20visie se oogmerk is om jong werkes, studente en tieners op te rig as die leiers van môre. As God se droom vir Suid-Afrika en die wêreld vir die jaar 2020 waar gaan word, gaan dit gebeur omdat God leiers opgerig het wat as instrumente dien van God se koninkryk. Twintig20visie wil deel wees van hierdie opwindende werking van God se Gees in jongmense se lewens. In die afgelope kwartaal het ons reeds by Twintig20visie geluister na die geloofvisie en toekomsvisie van inspirerende jongmense soos Luke Watson (WP Rugby), Ester Venter (Egoli), Flaps van der Merwe (C-Kruis), Heinz Winckler (Idols) en James & Anel Alexander (Binnelanders).

Wat word nou van die Tienerbybelskool? Volgende jaar verloop Tienerbybelskool as volg:

Kwartaal 1 & 3: 18:00  
Tienerbybelskool vir Graad 7-12

Kwartaal 1-4: 18:45  
Twintig20visie vir jong volwassenes, studente en tieners

Die implikasie van die nuwe struktuur is dat enige tiener wat gereed voel om belydenis van geloof af te lê, en wat ouer as 16 jaar is ('n vereiste van die Kerkorde), 'n predikant kan nader vir 'n belydenis-onderhoud. Na afloop van tieners se belydenisaflegging is die Tienerbybelskool en Twintig20visie egter steeds daar om jongmense te begelei op die verdere geloofspad ná belydenisaflegging.



## Getuieisweek 2007 - Ds Rian Verster

Getuieisweek word elke jaar gehou as 'n aksie van Durbanville, Bergsig en die VGK. Dr. Ben du Toit was vanjaar die prediker, met die tema: "As die geloofskar gaan staan." Elke jaar word daar ook 'n projek bepaal waarvoor ons geld insamel as teken van ons getuieis en gestuurdheid in die wêreld. Vanjaar was Sinithemba-projek van Decoligny-gemeente in Transkei, ons fokus. Hulle begin bou volgende jaar aan 'n Versorgingsoord vir gestremde kinders waarvoor daar groot behoefte in die Transkei is. Sô getuig ons gemeentelêde oor God se werking tydens vanjaar se Getuieisweek:

"Benewens die hoogstaande prediking van Dr. Ben du Toit was die kontak met ons kerk-familie 'n inspirasie. Bv. 'n gesprek met André van Phesantekraal, oor die betekenis van sy lidmaatskap van die kerk, vir hom, en die invloed wat dit op sy werk het. Hy ry elke dag met 'n fiets na sy werk in Milnerton. Ook 'n gesprek met die plaaswerkers van Klein-Roosboom. Hulle getuig van seën uit die weeklikse dienste wat Uitsig-gemeente daar hou." - George en Marian Robertson

"Wat vir my uitgestaan het, was: 'Leef! Dit wat die Here in jou hart sit, moenie huiwer of dit nalaat nie.'" - Ester Blackaller

"Met die lofprysing en die samekoms van al drie die gemeentes as een liggaam, kon die betekenis van Ben du Toit se tema: 'As die geloofskar gaan staan,' ook vir my duidelik word. Ons is almal saam dissipels van God se koninkryk en getuies van Sy teenwoordigheid hier op aarde." - Jackie Pretorius

"Tydens Getuieisweek het ek opnuut weer beseft dat dit belangrik is vir ons as gemeentes om saam te werk as liggaam van Christus. Om die Sinithemba-projek aan te pak, verg same-werking, ondersteuning en veral gebed!! Dis mos waarvoor Getuieisweek gaan, een groot span wat saam God se koninkryk uitbou." - Franci van Zyl-Nel.

### TE HUUR WOONSTEL HERMANUS

Veilige twee slaapkamer woonstel volledig gemeubileer

Slaap 4 persone  
Binne stapafstand van see en Hermanus middedorp

16 Januarie tot 31 Julie per nag  
(R275 per nag)  
1 Augustus tot 15 Januarie  
(R375 per nag)

Navrae kontak asb selfoon :  
082 332 3381

# Dissipelskap - vervolg

Ek en my vrou het 'n platform gevind waarop ons 'n gesamentlike verhouding, maar ook as individue, kon bou met God.

Hier is 'n omgewing geskep waarin ons as broers en susters saam God se doel vir ons lewe kon ontdek.

Dit het my meer bewus gemaak van die nodigheid van dissipline en aktiewe meelewing aan my verhouding en groei saam met die Here.

Dit was stilwordtyd saam met Jesus ... tyd om te krap, vir ander te luister, te leer, te groei, deur mekaar te word en dit dan weer te probeer plaas.

God het vir my 'n dieper bewuswording van Hom kom gee en ook bewus gemaak van 'n oneindige hoeveelheid dinge wat ek gedink het ek onder die knie het, maar toe nie het nie.

'n Samekoms van 'n familie in Christus wat saam groei en mekaar ondersteun in ons lewenspad as kinders van God.

Dit was 'n reis waar God my manier van kyk na my lewe en die wêreld verander het. Daar het 'n persoonlikheidsverandering plaasgevind.

God het my siening van Hom verander en gewys hoe Hy in my lewe en ander se lewens besig is om te werk. Ek het praktiese riglyne gekry om my verhouding met Hom uit te leef.

Ek het hier daadwerlik die gemeenskap van gelowiges op 'n baie gereelde en persoonlike manier ervaar.

Ons kon van mekaar leer en op 'n eerlike, onopgesmukke manier ons geloofservaringe met mekaar deel.

Ons almal het al 'n mate van gebrokenheid en "issues". Niemand is volmaak nie - ons kan oopmaak teenoor mekaar in 'n omgewing van aanvaarding en liefde.

Ek het ontdek dat God my nie net ten diepste ken nie, maar my ook wil ontmoet daar waar dit seer is, weggesteek is en dat sy liefde vir my deur dit wil begelei.

## Ons ALMAL is gestuurdes!

- Jackie Pretorius

God het ons gemaak wat ons nou is; in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het. (Efesiërs 2:10). Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. (Efesiërs 4:12).

In die meeste gemeentes beteken die beskrywing "aktiewe lidmaat" iemand wat gereeld kerk bywoon en dit finansiëel ondersteun. Dit is omtrent al wat vereis word. God het groter verwagtings vir elke Christen. Hy verwag dat elke Christen sy/haar talente en gawes in die een of ander bediening sal gebruik. God roep alle gelowiges om die kerk en die wêreld te bedien. Daar is nie "klein mensies" in die liggaam van Christus nie, en daar is geen "onbeduidende" bedienings nie. Elke bediening is belangrik! Baie dankie aan al ons vrywilligers wat so gereeld help om 'n verskil in God se nuwe wêreld te maak. Sommige bedienings is baie sigbaar en ander gebeur agter die skerms, maar almal is ewe waardevol. Geen bediening is onafhanklik van ander nie.

**Die vrywilligers wat weekliks help om die gemeente se offergawes te tel en die afkondigings-blaadjies af te rol en te vou, getuig van wat hierdie diens vir hulle beteken:**

"Vir die afgelope 13 jaar is ek as vrywillige betrokke



by die tel van die gemeente se Sondag-offergawes. Ek geniet dit baie en dit is vir my 'n voorreg om saam met ander medegelowiges ook op hierdie wyse 'n gestuurde in diens van God se nuwe wêreld te kan wees." - JOEY STEENKAMP

"Vir my as vrywillige wat die afgelope 10 jaar Sondag se offergawes tel en gereed kry vir die bank, is dit my geringe bydrae om deel te kan wees van ons kerk se visie as 'Gestuurde Gemeente, saam in diens van God se nuwe wêreld.'" - ETHA KORF

"Een van die slegte ervarings in die proses van oudword en aftree, is om te begin voel dat jy al minder werd is vir ander. Dit beteken vir my verskriklik baie om te weet dat die kerk geleentehede skep waar so 'n persoon, sy Godgegewe gawes verder kan gebruik. Ek dank God vir sulke geleentehede in ons gemeente. Dit word baie waardeer!" - STEVE GROENEWALD

"Weekliks word 750 afkondigings afgerol en gevou vir Sondag se eredienste. Glo my, soms kan dit redelik bedrywig wees, amper soos 'n drukkery. Dit is vir my so 'n voorreg om by die afrolwerk en die vou van die afkondigings betrokke te kan wees. Ons ontvang elke dag so geweldig baie van die Vader. Dit beteken ook vir my geestelike versterking om op so 'n wyse betrokke te kan wees." - RONNIE NIEUWENHUIZEN

Indien jy voel om jou Godgegewe talente in 2008 by een van ons bedieninge te gebruik, wil ons vra dat jy asseblief met ons kontak sal maak. Hou die afkondiginge ook dop vir meer inligting en kontakbesonderhede.



# Tinus le Roux

- Ds Gys van Schoor

Ek sal die dag nie vergeet toe ek en Johan Kotze 'n paar jaar gelede in 'n koffiewinkel op Stellenbosch 'n afspraak gehad het met 'n teologiese student - Tinus le Roux nie. Ons was op soek na 'n teologiese student wat ons kon help met ons jeugbediening. Ek onthou dat hy baie versigtig was om by die jeug betrokke te raak. Hy was bang dat hy uit voeling sou wees met die tieners van ons dag. (Jeugkultuur verander elke 12 maande.) Ek het gesien hoe Tinus ontwikkel het in 'n uitstekende kommunikeerder met die jeug van ons dag.

Tinus le Roux het na die voltooiing van sy hoërskoolloopbaan op Jan van Riebeeck, ingenieurswese gaan studeer aan die Universiteit van Stellenbosch. In sy tweede jaar het hy sy roeping ontvang om teologie te gaan studeer. Tinus het sy prakties in ons gemeente gedoen en toe vir 'n paar jaar met ons jeugbediening gehelp. In dié tyd het ons wat naby aan hom beweeg het agtergekom dat die Here hom nie nou vir die tradisionele bediening roep nie. Daarom was dit nie vir ons vreemd toe Tinus ons meedeel dat hy ervaar het dat God hom na die sakewêreld roep nie. Ons het saam met Hom die wil van die Here hierin onderskei. Ons was en is baie positief dat Tinus op hierdie stadium van sy reis sy roeping as sakeman uitleef.

Ons het Tinus as tentmaker-leraar van ons gemeente beroep. Die kerk het in sy leierskap dringend mense soos Tinus nodig – teologies opgeleide persone wat veral in die sakewêreld werk. Ons as predikante het sulke mense baie nodig in ons leierskapspan. Dit kan gebeur dat predikante te veel op 'n eiland funksioneer sonder werklike insig in die problematiek van die sake-sektor. As voltydse predikant is dit vir ons 'n groot voorreg om Tinus in ons predikantespan te mag hê.



As tentmaker beteken dit dat Tinus sy tyd en energie hoofsaaklik sal spandeer in die sakewêreld waar die Here hom nou voor roep. Tinus sal sy bydrae in die gemeente maak in die predikantespan en op die kerkraad. Hy sal nou en dan preek en ook betrokke wees by ons Tienerbybelskool. Tinus aanvaar self volledige verantwoordelikheid vir sy finansies.

Tinus is getroud met Mandi. Hulle eerste seuntjie, Jean, is 'n paar maande gelede gebore. Tinus, Mandi, Jean – dit is vir ons baie lekker om julle as predikantsgesin in ons gemeente te verwelkom. Mag die Here julle ryklik seën en kragtig in Sy koninkryk en Sy gemeente gebruik!

# Franci, ons loof die Here vir 'n mens soos jy!

- Ds Tinus van Zyl

Franci van Zyl-Nel, die koördineerder van ons gemeente se kinderbediening, verlaat ons aan die einde van die jaar.

Drie jaar gelede het ek vir Franci van Zyl geskakel en die slegte nuus met haar gedeel: "Franci, jy is ongelukkig nie op die kortlys vir ons kinderbedieningspos nie." Franci het my vriendelik bedank vir die oproep, maar daarna – so het sy dit later aan my vertel – vir die Here gaan vra: "Hoe dan nou, Here? Ek was dan só oortuig dat U my roep vir hierdie werk?" Om 'n lang storie kort te maak: God het inderdaad vir Franci geroep vir hierdie werk, en geen Jeugkomitee kon in God se pad staan nie!

Die afgelope drie jaar het Franci nie net die kinderbediening van ons gemeente glad laat verloop nie, maar dit 'n nuwe inspuiting van energie en inspirasie – Goddelike inspirasie – gegee. By Durbanville Kinderhuis het sy 'n weeklikse lofprysing begin, bemoediging van die personeel gekoördineer en 'n jaarlikse uitstappie gereël. By Durbanville Laerskool het Franci die leiding geneem om JOT (Jesus our Teacher) klasse vir graad 5 - 7 te koördineer, asook die graad 7's se skoolverwisselingskamp. Verder het sy die eerste Kinderpinkster in ons gemeente in die lewe geroep, en dit vir drie jaar met reuse sukses georganiseer en

aangebied.

Maar wat ons die meeste sal mis van Franci is nie haar vermoë om bedienings haarfyn te koördineer en om nuwe inisiatiewe in die lewe te roep nie, maar haar besielende menswees. Franci se toewyding strek veel, veel verder as om net te doen wat haar werkgewer van haar vra. Franci doen alles wat sy doen, omdat die Here haar geroep het om dit te doen.



Om dit te illustreer, noem ek graag die voorbeeld van Ntetelele. Franci het onmiddellik die ongelooflike potensiaal van hierdie swart seun by die kinderhuis raakgesien. Sy het vir hom kitaarlesse begin gee, en toe hy alles kon doen wat sy kan doen op die kitaar, het sy 'n kitaarspeler van formaat gekry om hom verder te onderrig. En by haar troue was dit Ntetelele wat vir Franci en Wihann 'n lied gesing het.

Vir Franci is daar nie 'n onderskeid tussen haar roeping en haar lewe nie. Vir Franci is haar roeping haar lewe, en haar lewe haar roeping. En dit sal ons altyd van haar waardeur en onthou. Franci en Wihann, mag die Here julle seën in julle lewe vorentoe, net so oorvloedig soos wat julle 'n seëning vir ons gemeente was!